VOORLOPIGE VERSLAG

Naspers Beperk
(Registrasienommer: 1925/001431/06)
("Naspers")
ISIN: ZAE000015889
JSE-aandeelkode: NPN
LSE-aandeelkode: NPSN

Opsomming van die geouditeerde resultate van die Naspers-groep vir die jaar tot 31 Maart 2011

Kommentaar

Die groep het die afgelope jaar stewig gepresteer. Gekonsolideerde omset het met 18% gestyg en kernwesens-verdienste was 13% hoër. Hierdie resultate is deur 'n gediversifiseerde portefeulje en 'n sterk balansstaat ondersteun.

Stewige groei is behaal in die internet- en betaaltelevisie-ondernemings. Die internetbedryf het sy uitbreiding wêreldwyd voortgesit, en die meeste van ons internetondernemings het hierby baat gevind. Die veerkragtigheid van ons betaaltelevisie-ondernemings in 'n al hoe meer mededingende omgewing onderstreep die voordeel van gehalte-inhoud. Stygende koste plaas egter marges onder druk. Ons drukmedia-ondernemings het, wat advertensie-inkomste betref, gedeeltelik herstel, terwyl die tegnologie-onderneming se marges verbeter het.

Die groep het oor die afgelope jaar verder uitgebrei, soos ons groei in omset toon. Hoewel die klem geleidelik verskuif, rus die groeistrategie steeds op drie pilare: organiese groei van bestaande ondernemings, verkrygings en die ontwikkeling van nuwe tegnologieë.

Onlangse ervaring is dat internetwaardasies, na ons mening, te hoog opgejaag is en dat dit deesdae moeilik is om goeie waarde te kry. Gevolglik fokus ons meer op organiese groei van ons ondernemings en op die ontwikkeling van nuwe tegnologieë. Dit kan verdienste in die komende jaar demp, aangesien die ontwikkelingskoste van hierdie ondernemings deur die inkomstestaat vloei. Ons glo egter dat dit 'n gesonde strategie is, wat groei oor die lang termyn sal stimuleer. Hierdie stelling is nie deur die maatskappy se ouditeure hersien of oor verslag gelewer nie.

FINANSIËLE OORSIG

Gekonsolideerde omset het oor die afgelope jaar met 18% tot R33mjd toegeneem. Gekonsolideerde internet-omset was 36% hoër, terwyl groei in sy intekenaarbasis betaaltelevisie-omset met 19% laat styg het. Gekonsolideerde handelswins, wat finansieringskoste op transpondeerder-bruikhuurkontrakte insluit maar amortisasie van ontasbare bates (behalwe sagteware) en ander wins/verliese uitsluit, het met 7% tot R5,8mjd gestyg. Dié laer marges was hoofsaaklik toe te skryf aan die hoër koste in die betaaltelevisie-onderneming.

Netto rentekoste op kontant en lenings het verlede jaar van R286m tot R575m gestyg, deurdat beleggings met skuld befonds is. Ons kernverdienste uit ekwiteitsverantwoorde geassosieerde maatskappye het tot R3,6mjd gegroei, hoofsaaklik vanweë sterk prestasie deur Tencent en die Mail.ru-groep.

Die verwateringswins van R1,5mjd wat gerapporteer word, is bloot teoreties. Dit het hoofsaaklik ontstaan uit ons bydrae van die groep se belang in Mail.ru tot die pas genoteerde entiteit.

Die netto uitwerking van bogenoemde is kernwesensverdienste van R6mjd, wat 13% meer is as die vorige jaar.

Hierdie verdienstepresatie het positiewe vrye kontantvloei van R4mjd gelewer. Ons befondsingstruktuur bly gesond, met totale gekonsolideerde netto skuld van R3,9mjd, satellietbruikhuurkontrakte uitgesluit. Dit verteen-woordig 'n netto skuld:ekwiteit-verhouding van 10%.

Korporatiewe aktiwiteite vir die jaar sluit die volgende in:

- Die groep het sy internetbelange in Rusland gekonsolideer en 'n belang van 29% in Digital Sky Technologies (DST) verkry, deur bestaande bates en kontant by te dra. DST is tot Mail.ru Group herdoop en in November 2010 op die Londense aandelebeurs genoteer.
- Die groep het 'n sewe-jaareffek van VS$700m met 'n koeponkoers van 6,375% uitgereik. Die opbrengs is gebruik om 'n buitelandse wentelkredietfasiliteit (WKF) gedeeltelik af te betaal.
- In Maart het die groep sy WKF herfinansier. Die fasiliteit is tot VS$2mjd verhoog, die termyn is tot 2016 verleng, met 'n rentekoers van VS LIBOR plus 1,75% voor verbintenis- en benuttingsgelde.

Die groep het gedurende die tydperk 'n waardedaling van R1mjd ten opsigte van klandisiewaarde en ontasbare bates aangeteken – hoofsaaklik by Gadu-Gadu, waar groei gesloer het.

SEGMENTELE OORSIG

Hierdie segmentele oorsig sluit ons gekonsolideerde filiale en die proporsionele konsolidasie van geassosieerde maatskappye in.

Betaaltelevisie

Die afgelope jaar is deur lewendige intekenaargroei gekenmerk, en 977 000 subskripsies is by die basis gevoeg. Dit was grootliks te danke aan die 2010-Fifa-wêreldbekertoernooi, tesame met dekodeerdersubsidies en bemarking. Gevolglik het omset met 19% tot R21mjd gestyg. Bedryfsmarges was laer as gevolg van kostedruk weens die uitbreiding van die intekenaarbasis, hoër koste van sportinhoud en mededinging. Goeie vordering is gemaak om plaaslike inhoud en vaardighede te verhoog.

In Suid-Afrika het die bruto basis met 637 000 tot 3,5 miljoen huishoudings toegeneem. Die *Compact*-boeket in die laer pryskategorie het vir 59% van die groei gesorg. Omset uit televisie-advertensies het herstel en met 32% gestyg.

In die res van Afrika suid van die Sahara het ons met 340 000 intekenare gegroei tot 1,4 miljoen. Die goedkoper *Compact/Family*-boekette bereik nou 602 000 gesinne. Bedryfsmarges is laer weens groter belegging in dekodeerdersubsidies, plaaslike -en sportinhoud en meer satelliet-kapasiteit.

Mededinging sal na verwagting oor die vasteland toeneem en die regulatoriese omgewing bly onseker.

Ná 'n tydperk van onsekerheid het die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap die DVB-T2 digitale video-uitsendingstandaard aanvaar om analoë terrestriële televisiedienste na digitale terrestriële televisie (DTT) oor te skakel.

Internet

In geheel het die internetsegment omsetgroei van 47% behaal en handelswins was 48% hoër.

In China het Tencent nog 'n stel sterk resultate in 'n al hoe meer mededingende mark aangekondig. Vinnige groei van die internetbedryf in China het Tencent in staat gestel om die nut van sy kernplatforms verder uit te brei, deur volgehoue fokus op gebruikers se ervaring. Ons aandeel van Tencent se omset was R7,2mjd en handelswins R3,5mjd. Die QQ-platforms bestuur nou 674 miljoen aktiewe kitsboodskap-gebruikersrekeninge en 137 miljoen gelyktydige spitstydgebruikers. Die sosiale diens Qzone het ook goeie groei getoon en sy huidige gebruikersrekeninge staan op 504 miljoen.

Die Russiese internetmark bly lewendig en die Mail.ru-groep het markaandeel in die meeste segmente behou. Hy is besig om die voorste verskaffer van dienste aan internetverbruikers in Russiessprekende markte te word. Ondersteun deur 'n herstel in aanlynadvertensies, was ons aandeel van die Mail.ru-groep se gerapporteerde omset R657m en handelswins R157m.

Die ander internetondernemings het gesamentlik omsetgroei van 37% gerapporteer, en 'n geringe handelsverlies van R6m, as gevolg van hoër ontwikkelingskoste. Die e-handelsbedrywighede van Allegro (Oos-Europa) en Ricardo (Wes-Europa) het verder sterk uitgebrei. Albei ondernemings het hul produkreekse deur organiese groei en kleiner aanlasverkrygings verbreed.

In Latyns-Amerika het ons e-handelsonderneming BuscaPé sy dienste uitgebrei en sy omsetbasis verbreed. Die verkryging van die OLX-platform vir geklassifiseerde advertensies het ons produkreeks in die mark versterk.

Drukmedia

Ons bedrywe in Suid-Afrika het omsetgroei van 9% getoon, terwyl advertensie-inkomste slegs matig verbeter het. Handelswins het gedaal deels as gevolg van die gebrekkige toepassing van 'n nuwe gerekenariseerde beplanning-stelsel. In Brasilië het Abril se omset en bedryfswins, uitgesonder die opvoedkundige onderneming wat gedurende die vorige jaar verkoop is, met 14% gestyg danksy 'n lewendige ekonomie.

Tegnologie

Gekonsolideerde omset het in die plaaslike geldeenheid met 10% gegroei, en bedryfsprestasie het verbeter terwyl Irdeto baat gevind het by doeltreffende bestuur van sy produkte en struktuur. Meer as 18 miljoen voorwaardelike-toegangeenhede is afgelewer – 17% hoër as die vorige jaar. In die meeste produkkategorieë is nuwe klante bygevoeg en vars dienste bekendgestel. Dit posisioneer Irdeto gunstig wat betref internetverspreide digitale bates en inhoud.

DIVIDEND NOMMER 82

Die direksie beveel aan dat die jaarlikse dividend met 15% tot 270c (voorheen 235c) per genoteerde N- gewone aandeel verhoog word, en tot 54c (voorheen 47c) per ongenoteerde A- gewone aandeel. Indien aandeelhouers dit by die algemene jaarvergadering op 26 Augustus 2011 goedkeur, sal die dividende betaalbaar wees aan aandeelhouers wat op Vrydag, 23 September 2011 in die boeke aangeteken is. Dit sal op Maandag, 26 September 2011 betaal word. Die laaste dag van verhandeling met dividend sal Vrydag, 16 September 2011 wees. (Aandele sal dus vanaf Maandag, 19 September 2011 sonder dividend verhandel.) Aandelesertifikate mag nie tussen Maandag 19 September 2011 en Vrydag 23 September 2011, met inbegrip van albei datums, gedematerialiseer of geregistreer word nie.

KORPORATIEWE BESTUURSTOESIG

Die impak van die nuwe Suid-Afrikaanse Maatskappywet en die toepassing van die King-verslag oor korporatiewe bestuurstoesig vir Suid-Afrika 2009 (King III) het die afgelope jaar tyd in beslag geneem. Waar dit op die groep van toepassing is, is die nodige veranderings aan ons bestuurstoesigbeleid en -praktyke aangebring. Waar daar gevind is dat sekere beginsels of praktyke nie deur die groep benut behoort te word nie, word sodanige beginsels of praktyke asook redes waarom sekere van King III se aanbevelings afgewyk word, in die geïntegreerde verslag vir die finansiële jaar tot 31 Maart 2011 bekend gemaak.

AANBIEDINGSGRONDSLAG EN REKENINGKUNDIGE BELEID

Die finansiële state vir die jaar tot 31 Maart 2011 is opgestel in ooreenstemming met IAS 34 en Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS), die vereistes van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet, Nr 61 van 1973, en ooreenkomstig die noteringsvereistes van die JSE Beperk. Die rekeningkundige beleid strook met dit wat in die vorige finansiële jaarstate gebruik is en met IFRS, behalwe soos hieronder aangedui. Hierdie resultate is geoudit deur die maatskappy se ouditeur, PricewaterhouseCoopers Ing., wie se ongekwalifiseerde verslag ter insae by die geregistreerde kantoor van die maatskappy beskikbaar is.

Die groep het die volgende nuwe standaarde en wysigings vir die jaar tot 31 Maart 2011 aanvaar:

IAS 7 "Staat van Kontantvloei" is gewysig en vereis nou dat veranderings in belange in 'n filiaal wat nie tot 'n verlies van beheer lei nie, onder finansieringsaktiwiteite in plaas van beleggingsaktiwiteite aangedui word. Hierdie wysiging is terugwerkend van krag, met die gevolg dat die staat van kontantvloei hersaamgestel is. Voorkeurdividende ontvang word nou onder beleggingsaktiwiteite in plaas van finansieringsaktiwiteite aangedui. Die totale bedrag wat aan beleggingsaktiwiteite hertoegewys is, was R404m vir die jaar tot 31 Maart 2010.

Die hersiene IFRS 3 "Besigheidsamevoegings" en hersiene IAS 27 "Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State" is aanvaar. Die uitwerking van hierdie standaarde word gerapporteer onder "Wins uit verkrygings en verkope" in die inkomstestaat. Aanpassings ten opsigte van hierdie items word in die berekening van wesens- en kernwesensverdienste gedoen.

MWEB word nou in die betaaltelevisiesegment gerapporteer, in plaas van die internetsegment. MWEB werk aan tegnologieë om video-inhoud te lewer. Vergelykende segmentele resultate is in ooreenstemming met IFRS 8 "Bedryfsegmente" hersaamgestel.

Ons aandeel van geassosieerde maatskappye se ander omvattende inkomste en reserwes hou hoofsaaklik verband met die herwaardasie van die geassosieerde maatskappye se beskikbaar-vir-verkoop beleggings.

Kernwesensverdienste sluit eenmalige en nie-bedryfsitems uit. Na ons mening is dit vir aandeelhouers 'n nuttige maatstaf van die groep se volhoubare bedryfsprestasie. Dit is egter nie 'n omskrewe term kragtens IFRS nie en is nie noodwendig vergelykbaar met maatstawwe met soortgelyke name wat deur ander maatskappye gerapporteer word nie.

BEDUIDENDE VERKRYGINGS

In Augustus 2010 het die groep sy internetbelange in Rusland gekonsolideer en 'n belang van 28,7% in Digital Sky Technologies (DST) verkry, wat 'n vooraanstaande internetmaatskappy in Russiessprekende markte is. As 'n teenprestasie het die groep sy belegging van 39,3% in Mail.ru en VS$388m in kontant bygedra.

Die groep het ook in Augustus 2010 'n belang van 68% in OLX verkry, vir 'n kontantkoopsom van VS$144m. Dis 'n onderneming wat geklassifiseerde advertensies hoofsaaklik in ontluikende markte, veral in Latyns-Amerika, bedryf. In Desember 2010 het die groep sy belang tot 71,5% verhoog.

In September 2010 het die groep 74% van Multiply Inc. vir 'n VS$44m kontantkoopsom verkry. Hierdie eenheid kombineer sosiale netwerke met 'n aanlynmark wat op suidoos-Asië toegespits is, en pas goed in by die groep se internetstrategie.

In Desember 2010 het die groep 100% van die aanlynspeletjies-uitgewer Level Up! International Holdings vir VS$51m verkry.

Namens die direksie

Ton Vosloo
Voorsitter

Koos Bekker
Besturende direkteur

Kaapstad
27 Junie 2011

Direkteure
T Vosloo (voorsitter), J P Bekker (besturende direkteur), F-A du Plessis, G J Gerwel, R C C Jafta, L N Jonker, D Meyer, S J Z Pacak, T M F Phaswana L P Retief, B J van der Ross, N P van Heerden, J J M van Zyl, H S S Willemse

Maatskappysekretaris
G Kisbey-Green

Geregistreerde kantoor
Heerengracht 40, Kaapstad 8001
(Posbus 2271, Kaapstad 8000)

Oordragsekretaris
Link Market Services South Africa (Eiendoms) Beperk
Diagonalstraat 11, Johannesburg 2001
(Posbus 4844, Johannesburg 2000)

ADB-program
The Bank of New York Mellon bedryf 'n GlobalBuyDIRECT™-plan vir Naspers Beperk. Vir bykomende inligting, besoek gerus The Bank of New York se webwerf by **(www.globalbuydirect.com)** of skakel "Shareholder Relations" by 1-888-BNY-ADRS of 1-800-345-1612 of skryf aan: The Bank of New York Mellon, Shareholder Relations Department – GlobalBuyDIRECT™, Church Street Station, PO Box 11258, New York, NY 10286-1258, USA.

Belangrike inligting
Hierdie verslag bevat vooruitskouende verklarings soos gedefinieer in die Verenigde State se "Private Securities Litigation Reform Act" van 1995. Woorde soos "glo", "verwag", "voorneem", "beoog", "wil", "beplan", "mag", "streef" en soortgelyke uitdrukkings word gebruik om sulke vooruitskouings te identifiseer, maar is nie die enigste manier om sulke uitdrukkings te identifiseer nie. Hoewel hierdie vooruitskouende verklarings ons sienings en toekomsverwagtings verteenwoordig, kan 'n aantal risiko's, onsekerhede en ander belangrike faktore meebring dat werklike ontwikkelinge en resultate wesenlik van ons verwagtings verskil. Dit sluit faktore in wat ons ondernemings en finansiële prestasie negatief kan beïnvloed. Ons is geensins onder verpligting (en ontken uitdruklik enige sodanige verpligting) om ons vooruitskouings – hetsy as gevolg van nuwe inligting, toekomstige gebeure of andersins – by te werk of te wysig nie. Beleggers word gemaan om nie te veel staat te maak op enige vooruitskouings wat hierin vervat is nie.

Segmentele Oorsig

	Omset Jaar tot 31 Maart			EBITDA Jaar tot 31 Maart			Handelswins Jaar tot 31 Maart		
	2011 R'm	2010 R'm	%-verandering	**2011 R'm**	2010 R'm	%-verandering	**2011 R'm**	2010 R'm	%-verandering
Betaaltelevisie	**21 025**	17 603	19	**6 542**	5 851	12	**5 727**	5 232	9
Internet	**12 092**	8 237	47	**3 945**	2 697	46	**3 493**	2 362	48
– Tencent	**7 215**	4 874	48	**3 795**	2 542	49	**3 543**	2 363	50
– Ander	**4 877**	3 363	45	**150**	155	(3)	**(50)**	(1)	+100
Drukmedia	**10 758**	10 204	5	**1 194**	1 232	(3)	**872**	896	(3)
Tegnologie	**1 228**	1 207	2	**188**	98	92	**128**	47	+100
Ekonomiese belang	**45 103**	37 251	21	**11 869**	9 878	20	**10 220**	8 537	20
Korporatiewe dienste	**–**	–	–	**(239)**	(230)	4	**(240)**	(232)	3
Minus: Geassosieerdes	**(12 018)**	(9 253)	30	**(4 481)**	(3 152)	42	**(4 142)**	(2 858)	45
Gekonsolideer	**33 085**	27 998	18	**7 149**	6 496	10	**5 838**	5 447	7

Let wel: Handelswins sluit amortisasie van ontasbare bates (behalwe sagteware) en ander wins/verliese uit, maar sluit die finansieringskoste op transpondeerder-bruikhuurkontrakte in.

Rekonsiliasie van van Handelswins na Bedryfswins

	Jaar tot 31 Maart 2011 R'm	Jaar tot 31 Maart 2010 R'm
Handelswins	**5 838**	5 447
Finansieringskoste op transpondeerder-bruikhuurkontrakte	**144**	93
Amortisasie van ontasbare bates	**(1 045)**	(1 135)
Ander netto winste/(verliese)	**(881)**	(364)
Bedryfswins	**4 056**	4 041

Let wel: Vir 'n rekonsiliasie van bedryfswins met wins voor belasting, sien die "Gekonsolideerde inkomstestaat".

Gekonsolideerde Inkomstestaat

	Jaar tot 31 Maart 2011 R'm	Jaar tot 31 Maart 2010 R'm	%-verandering
Omset	**33 085**	27 998	18
Koste om dienste te lewer en goedere te verkoop	**(17 794)**	(14 438)	
Verkoops-, algemene en administratiewe uitgawes	**(10 354)**	(9 155)	
Ander netto winste/(verliese)	**(881)**	(364)	
Bedryfswins	**4 056**	4 041	
Rente ontvang	**401**	348	
Rente betaal	**(1 389)**	(883)	
Ander netto finansierings-inkomste/(koste)	**(30)**	114	
Belang in ekwiteitsverantwoorde resultate	**3 290**	2 058	60
Waardedaling in ekwiteits-verantwoorde beleggings	**(23)**	(62)	
Verwateringswins van ekwiteits-verantwoorde beleggings	**1 461**	–	
Wins uit verkrygings en verkope	**42**	144	
Wins voor belasting	**7 808**	5 760	36
Belasting	**(1 861)**	(1 808)	
Wins vir die jaar	**5 947**	3 952	50
Toeskryfbaar aan:			
Aandeelhouers van die groep	**5 260**	3 257	
Nie-beherende belang	**687**	695	
	5 947	3 952	
Kernwesensverdienste vir die tydperk (R'm)	**6 036**	5 319	13
Kernwesensverdienste per N- gewone aandeel (sent)	**1 612**	1 426	13
Ten volle verwaterde kernwesensver-dienste per N- gewone aandeel (sent)	**1 550**	1 386	12
Wesensverdienste vir die tydperk (R'm)	**4 213**	3 297	28
Wesensverdienste per N- gewone aandeel (sent)	**1 125**	884	27
Ten volle verwaterde wesensverdienste per N- gewone aandeel (sent)	**1 082**	859	26
Verdienste per N- gewone aandeel (sent)	**1 405**	873	61
Ten volle verwaterde verdienste per N- gewone aandeel (sent)	**1 351**	848	59
Netto getal aandele uitgereik ('000)			
– Aan einde van tydperk	**375 440**	374 308	
– Geweegde gemiddelde vir die tydperk	**374 501**	372 951	
– Ten volle verwaterde geweegde gemiddelde	**389 465**	383 820	

Verkorte Gekonsolideerde Staat van Omvattende Inkomste

	Jaar tot 31 Maart 2011 R'm	Jaar tot 31 Maart 2010 R'm
Wins vir die jaar	**5 947**	3 952
Totale ander omvattende inkomste netto van belasting vir die jaar	**2 277**	(2 047)
Omrekening van buitelandse bedrywighede	**(461)**	(1 918)
Kontantvloeiskanse	**126**	(560)
Belang in geassosieerdes se ander omvattende inkomste en reserwes	**2 622**	250
Belasting op ander omvattende inkomste	**(10)**	181
Totale omvattende inkomste vir die jaar	**8 224**	1 905
Toeskryfbaar aan:		
Aandeelhouers van die groep	**7 543**	1 308
Nie-beherende belang	**681**	597
	8 224	1 905

Verkorte Gekonsolideerde Staat van Veranderings in Ekwiteit

	Jaar tot 31 Maart 2011 R'm	Jaar tot 31 Maart 2010 R'm
Saldo aan begin van die jaar	**35 634**	35 217
Veranderings in aandelekapitaal en -premie		
Beweging in tesourie-aandele	**(335)**	(1 041)
Aandelekapitaal en -premie uitgereik	**253**	433
Veranderings in reserwes		
Totale omvattende inkomste vir die jaar	**7 543**	1 308
Beweging in aandeelgebaseerde-vergoedingsreserwe	**508**	498
Beweging in bestaandebeheer-besigheid-samevoegingsreserwe	**(63)**	(334)
Direkte beweging in behoue verdienste	**(22)**	(22)
Dividende aan Naspers-aandeelhouers betaal	**(882)**	(773)
Veranderings in nie-beherende belang		
Totale omvattende inkomste vir die jaar	**681**	597
Dividende aan nie-beherende aandeelhouers betaal	**(665)**	(311)
Beweging in nie-beherende belang in reserwes	**290**	62
Saldo aan einde van die jaar	**42 942**	35 634
Bestaande uit:		
Aandelekapitaal en -premie	**14 384**	14 466
Behoue verdienste	**21 179**	16 823
Aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe	**2 300**	1 573
Bestaandebeheer-besigheidsamevoegingsreserwe	**25**	98
Verskansingsreserwe	**(297)**	(408)
Waardasiereserwe	**4 256**	1 844
Buitelandse valuta-omrekeningsreserwe	**(1 185)**	(736)
Nie-beherende belang	**2 280**	1 974
Totaal	**42 942**	35 634

Verkorte Gekonsolideerde Staat van Finansiële Posisie

	Jaar tot 31 Maart 2011 R'm	Jaar tot 31 Maart 2010 R'm
BATES		
Nie-bedryfsbates	**53 610**	44 342
Eiendom, aanleg en toerusting	**7 561**	6 490
Klandisiewaarde	**17 278**	16 620
Ander ontasbare bates	**3 886**	4 976
Belegging in geassosieerdes	**20 767**	11 942
Ander beleggings en lenings	**3 301**	3 500
Uitgestelde belasting	**817**	814
Bedryfsbates	**16 245**	13 126
Voorraad	**731**	693
Program- en rolprentregte	**1 487**	1 298
Handelsdebiteure	**2 929**	2 438
Ander debiteure en lenings	**2 330**	1 900
Kontant en kontantekwivalente	**8 731**	6 785
Bates geklassifiseer as beskikbaar-vir-verkoop	**37**	12
Totale bates	**69 855**	57 468
EKWITEIT EN LASTE		
Aandelekapitaal en reserwes	**40 662**	33 660
Nie-beherende aandeelhouersbelang	**2 280**	1 974
Totale ekwiteit	**42 942**	35 634
Nie-bedryfslaste	**14 951**	10 892
Gekapitaliseerde bruikhuurverpligtinge	**1 893**	1 736
Laste – rentedraend	**10 822**	6 983
– nie-rentedraend	**178**	51
Ná-aftrede mediese verpligting	**179**	178
Afgeleide finansiële instrumente	**714**	684
Uitgestelde belasting	**1 165**	1 260
Bedryfslaste	**11 962**	10 942
Korttermyngedeelte van langtermynverpligtinge	**1 510**	1 675
Handelskrediteure	**1 915**	1 721
Opgelope uitgawes en ander bedryfslaste	**6 608**	5 740
Afgeleide finansiële instrumente	**599**	847
Bankoortrekkings en opvraagbare lenings	**1 330**	959
Totale ekwiteit en laste	**69 855**	57 468
Netto batewaarde per N- gewone aandeel (sent)	**10 831**	8 993

Verkorte Gekonsolideerde Staat van Kontantvloei

	Jaar tot 31 Maart 2011 R'm	Jaar tot 31 Maart 2010 R'm
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	**5 271**	5 622
Kontantvloei aangewend in beleggingsaktiwiteite	**(5 778)**	(4 752)
Kontantvloei gegenereer uit/(aangewend in) finansieringsaktiwiteite	**2 513**	(169)
Netto beweging in kontant en kontantekwivalente	**2 006**	701
Valuta-omrekeningseffek	**(431)**	(678)
Kontant en kontantekwivalente aan begin van die jaar	**5 826**	5 803
Kontant en kontantekwivalente aan einde van die jaar	**7 401**	5 826

Berekening van Wesens- en Kernwesensverdienste

	Jaar tot 31 Maart 2011 R'm	Jaar tot 31 Maart 2010 R'm
Netto wins toeskryfbaar aan aandeelhouers	**5 260**	3 257
Aangesuiwer vir:		
– versekeringsopbrengs	**(51)**	(369)
– waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting en ander bates	**25**	225
– waardedaling en onterkenning van klandisie-waarde en ontasbare bates	**1 035**	384
– wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting en ontasbare bates	**(407)**	(229)
– wins met verkoop van beleggings	**(152)**	(120)
– verwateringswins van ekwiteitsverantwoorde beleggings	**(1 461)**	-
– hermetings ingesluit by ekwiteitsverantwoorde resultate	**(28)**	30
– waardedaling van ekwiteitsverantwoorde beleggings	**23**	62
	4 244	3 240
Totale belastingeffek van aansuiwerings	**(27)**	7
Totale nie-beherende belang van aansuiwerings	**(4)**	50
Wesensverdienste	**4 213**	3 297
Aangesuiwer vir:		
– tesourie-vereffende aandeelskemakoste	**488**	418
– vorige jaar weerhoubelasting	**-**	121
– terugskryf van uitgesteldebelasting-bates	**13**	253
– amortisasie van ontasbare bates	**1 052**	922
– Welkom Yizani-herfinansiering	**-**	330
– billikewaarde-aansuiwerings en valuta-omrekeningsverskille	**18**	(22)
– wentelkredietfasiliteit – versnelde amortisasie van kostes	**128**	-
– verkrygingsverwante koste	**124**	-
Kernwesensverdienste	**6 036**	5 319

Besigheidsamevoegings

In Augustus 2010 het die groep 'n ten volle verwaterde belang van 67,8% verkry in OLX Inc., 'n onderneming vir aanlyn-geklassifiseerde advertensies. Die billike waarde van die totale koopsom was R1 044m (VS$144m) kontant. Die koopprystoekenning: eiendom, aanleg en toerusting R3m; ontasbare bates R260m; kontant R237m; ander bedryfsbates R59m; handels- en ander krediteure R35m; uitgesteldebelasting-las R103m en die res aan klandisiewaarde. Die vernaamste bydraende faktor tot die klandisiewaarde wat erken is, is die maatskappy se teenwoordigheid in die geklassifiseerde advertensiesektor in ontluikende markte. Die erkende klandisiewaarde sal waarskynlik nie vir inkomstebelastingdoeleindes aftrekbaar wees nie. 'n Nie-beherende belang van R51m is op die verkrygingsdatum erken. Dit is gemeet deur die proporsionele deel van identifiseerbare netto bates te gebruik.

In Desember 2010 het die groep sy totale ekonomiese belang op 'n ten volle verwaterde grondslag tot 71,5% verhoog. Dit is as 'n transaksie met nie-beherende belange verantwoord. Die omset en resultate van OLX sedert die verkrygings-datum was nie beduidend vir die groep se gekonsolideerde resultate nie.

In September 2010 het die groep 'n ten volle verwaterde belang van 73,9% in Multiply Inc. verkry, wat sosiale netwerkdienste met 'n aanlynmark kombineer. Die billike waarde van die totale koopsom was R311m (VS$44m) in kontant. Die groep het in November sy belang in Multiply tot 74,5% verhoog.

Die voorlopige koopprystoekenning: eiendom, aanleg en toerusting R7m; ontasbare bates R80m; kontant R3m; handels- en ander debiteure R2m; handels- en ander krediteure R1m; uitgesteldebelasting-las R24m en die res aan klandisiewaarde. Die vernaamste bydraende faktor tot die klandisiewaarde wat erken is, is die maatskappy se beduidende gebruikerbasis in ontluikende markte. Die erkende klandisiewaarde sal waarskynlik nie vir inkomstebelastingdoeleindes aftrekbaar wees nie. 'n Nie-beherende belang van R17m is op die verkrygingsdatum erken, en is gemeet deur die proporsionele aandeel van die identifiseerbare netto bates te gebruik. Die omset en resultate van Multiply sedert die verkrygingsdatum was nie beduidend vir die groep se gekonsolideerde resultate nie.

In Desember 2010 het die groep 100% van Level Up! International Holdings vir 'n kontantkoopsom van R365m (VS$51m) verkry. 'n Koopprystoekenning is nog nie gedoen nie en die verskil van R279m tussen die netto batewaarde en die koopsom is aan klandisiewaarde toegeken.

In Februarie 2011 het die groep 77,7% van Dineromail, die voorste internetbetaal-oplossing in Latyns-Amerika, vir 'n kontantkoopsom van R206m (VS$28m) verkry. 'n Koopprystoekenning is nog nie gedoen nie en die verskil van R181m tussen die netto batewaarde en die koopsom is aan klandisiewaarde toegeken.

Totale verkrygingsverwante koste van R109m is in "Wins uit verkrygings en verkope" in die inkomstestaat erken. Indien die omset en netto resultate van alle besigheidsamevoegings wat in die tydperk voorgekom het vanaf 1 April 2010 ingesluit is, sou dit nie 'n beduidende uitwerking op die groep se gekonsolideerde omset en netto resultate gehad het nie.

Aanvullende Inligting

	Jaar tot 31 Maart 2011 R'm	Jaar tot 31 Maart 2010 R'm
Waardevermindering van eiendom, aanleg en toerusting	**1 040**	878
Amortisasie	**1 172**	1 213
– ontasbare bates	**1 045**	1 135
– sagteware	**127**	78
Ander netto winste/(verliese)	**(881)**	(364)
– wins/(verlies) met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting en ontasbare bates	**42**	(47)
– waardedaling en onterkenning van klandisie-waarde en ontasbare bates	**(1 035)**	(384)
– waardedaling van tasbare bates	**(33)**	(225)
– Welkom Yizani-herfinansiering	**-**	(330)
– versekeringsopbrengs	**51**	369
– wins met transpondeerder-bruikhuurvereffening	**88**	253
– billikewaarde-aansuiwering op aandeel-houersaanspreeklikheid	**6**	-
Rente ontvang	**401**	348
– lenings en bankrekeninge	**308**	314
– ander	**93**	34
Rente betaal	**(1 389)**	(883)
– lenings en bankoortrekkings	**(883)**	(600)
– bruikhuurtoerusting	**(144)**	(93)
– wentelkredietfasiliteit – versnelde amortisasie van kostes	**(128)**	-
– ander	**(234)**	(190)
Ander netto finansieringsinkomste/(koste)	**(30)**	114
– netto valutaverskille en billikewaarde-aansuiwerings op afgeleide finansiële instrumente	**(247)**	(154)
– voorkeurdividende ontvang	**217**	268
Wins met verkrygings en verkope	**42**	144
– wins met verkoop van beleggings	**34**	144
– wins met gedeeltelike verkoop van beleggings	**72**	-
– verkrygingsverwante koste	**(109)**	-
– ander	**45**	-
Klandisiewaarde		
– kosprys	**17 051**	15 407
– opgelope waardedaling	**(431)**	(49)
Openingsaldo	**16 620**	15 358
– valuta-omrekeningsverskille	**(510)**	(1 163)
– verkrygings	**1 885**	2 807
– voorwaardelike koopsom-aanpassing	**(49)**	-
– waardedaling en onterkenning	**(668)**	(382)
Sluitingsaldo	**17 278**	16 620
– kosprys	**18 371**	17 051
– opgelope waardedaling	**(1 093)**	(431)
Beleggings en lenings	**24 068**	15 442
– genoteerde beleggings	**16 874**	4 646
– ongenoteerde beleggings	**7 194**	10 796
Markwaarde van genoteerde beleggings	**137 735**	92 843
Direkteurswaardasie van ongenoteerde beleggings	**7 194**	10 796
Verpligtinge	**16 997**	18 626
– kapitaalbesteding	**401**	527
– program- en rolprentregte	**7 744**	8 698
– netwerk- en ander diensverpligtinge	**700**	656
– transpondeerder-bruikhuurkontrakte	**6 787**	7 689
– bedryfshuurverpligtinge	**896**	697
– dekodeerderverpligtinge	**469**	359
Belang in ekwiteitsverantwoorde resultate	**3 290**	2 058
– verwateringswinste	**(39)**	(64)
– buitelandse valuta-omrekeningsreserwe vrystelling	**(29)**	-
– waardedaling van beleggings	**24**	-
– (winste)/verliese met verkrygings en verkope	**(262)**	100
Bydrae tot kernwesensverdienste	**2 984**	2 094
– amortisasie van ontasbare bates	**355**	180
– tesourie-vereffende aandeelskemakoste	**227**	148
– besigheidsamevoegingskostes	**15**	-
– terugskrywing van uitgestelde belasting	**13**	101
Bydrae tot kernwesensverdienste	**3 594**	2 523
Tencent	**3 164**	2 148
Mail.ru	**152**	70
Abril	**250**	318
Ander	**28**	(13)